SimpleStudy®

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2018

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1
# NASIENRIGLYN

**PUNTE: 80**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

- Spel- en taalfoute word NIE gepenaliseer NIE omdat die fokus op begrip is.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word GEEN punt toegeken vir JA / NEE, EK STEM SAAM / EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede / motivering verdien die punt.
- Geen punt word toegeken vir WAAR / ONWAAR of FEIT / MENING nie. Die rede / motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat gee 'n volsin, is dit korrek MITS die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE / DRIE feite vereis word en 'n reeks word gegee, word SLEGS die eerste TWEE / DRIE nagesien.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN / OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.1 | Berug - bekend ✓ | (1) | 1 |
| 1.2 | Robbe / Robben ✓ | (1) | 1 |
| 1.3 | Mense wat ongeneeslike siektes gehad het.✓<br>Mense wat vee gesteel het/veediewe. ✓ | (2) | 1 |
| 1.4 | Setlaars ✓ | (1) | 1 |
| 1.5 | (Lae stand beteken) dit is 'n deel van die (sosiale) struktuur / klas / posisie / status / rang / werkersklas) wat gewoon / ordinêr / minder belangrik / is (geen aansien het nie).) ✓<br>(of soortgelyke antwoord) | (1) | 3 |
| 1.6 | Hulle kan ander mense aansteek / meer mense kan doodgaan van die siektes / om die verspreiding van die siekte te beperk of voorkom / om 'n epidemie te voorkom. ✓<br>(of soortgelyke antwoord) | (1) | 4 |
| 1.7 | Deur sy persoonlikheid / deur sy algemene kennis ✓ (enige 1) | (1) | 1 |
| 1.8 | ... omdat hy nie saam met die regering gestem het nie / teen die regering was. ✓ | (1) | 3 |
| 1.9 | Die skrywer het simpatie met die feit dat Makana verdrink het. / Die skrywer wil simpatie by die leser wek dat Makana verdrink het. ✓✓<br>(of soortgelyke antwoord) | (2) | 4 |
| 1.10 | B baie bote op die rotse geloop het. | (1) | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.11 | Die eiland is onder die jurisdiksie van die Departement van Gevangenisse geplaas. / Dit het ŉ seegrens van 1.5 km gehad. ✓ | (1) | 1 |
| 1.12 | Die eiland is ŉ (vloot) opleidingsbasis (-sentrum). / Die eiland is deur die Departement van Gevangenisse gebruik. / Vir die veiligheid van die eiland. ✓ | (1) | 4 |
| 1.13 | Afsondering | (1) | 1 |
| 1.14 | Dit is ŉ plek wat belangrik in die geskiedenis is. / Dit sê dat die vryheidstryders daar was. / Dit was die plek waar mnr. Mandela was. / Dit was oor die oorwinning teen apartheid. ✓<br>(enige een) | (1) | 3 |
| 1.15 | Mnr. G Mbeki was verban. / Sy boek kon weens (politieke) druk nie in Suid-Afrika gepubliseer word nie. ✓✓<br>(of soorgelyke antwoord) | (2) | 3 |
| 1.16 | Dit is deel van die geskiedenis van die land. / Dit is nou ŉ museum. / Dit is nie meer deel van die Departement van Gevangenisse nie. ✓ | (1) | 2 |
| 1.17 | Om die ekosisteem te herstel. / Omdat die voëls en pikkewyne weens die mense op die eiland gevlug het. / Die troeteldiere van die mense wat op die eiland gewerk het, het die voëls en pikkewyne weggejaag. / Die eiland is nie meer deel van die Departement van Gevangenisse nie. / Daar word nou navorsing op die wildlewe gedoen. / Om hulle te bewaar. ✓✓<br>(of soortgelyke antwoord) | (2) | 3 |
| 1.18 | (Baie) lank gelede. ✓ | (1) | 4 |
| 1.19 | Baie groot ✓ | (1) | 3 |
| 1.20 | Skulpe ✓ | (1) | 1 |
| 1.21 | Jaarliks ✓ | (1) | 3 |
| 1.22 | D Byna ✓ | (1) | 3 |
| 1.23 | Die lyne loop parallel. / Beide verminder met 0,25 miljoen / ¼ miljoen / 250 000. ✓ | (1) | 3 |
| 1.24 | Vigs ✓ | (1) | 1 |
| 1.25 | 500 000 / 0,5 miljoen ✓ | (1) | 1 |
| 1.26 | Hulle leer nou eers bestuur. / Hulle het geen verantwoordelikhede nie. / Hulle bestuur gevaarlik. / Hulle het nog nie ŉ gesin nie. / Hulle vat te veel kanse. / Hulle is nog nie volwasse genoeg om te besef dat motors gevaarlik is nie. / Hulle is altyd haastig en gehoorsaam nie die padreëls nie. / Hulle ry vinnig om ander te beïndruk. ✓<br>(of soortgelyke logiese antwoord binne konteks.) | | |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

## INSTRUKSIES

- Kandidate moet volsinne skryf. Indien ŉ werkwoord kort, is dit nie meer ŉ volsin nie.
- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien rofwerk/beplanning gedoen word, let op die volgende:
- Indien die beplanning in potlood aangebied word, word dit as rofwerk beskou en die tweede aanbieding word nagesien.
- Indien die eerste poging in pen aangebied word en daar nie aangetoon is dat dit beplanning is nie, word daardie poging as die finale antwoord beskou.
- Indien daar twee feite in een sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien. Die tweede feit word geïgnoreer.
- Indien daar twee sinne by een koeëlpunt gegee word, word slegs die eerste sin nagesien.
- Kandidate hoef nie ŉ TITEL te verskaf nie.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting volgens die getal woorde wat dit voorstel getel, byvoorbeeld, d.w.s. = 3 woorde.
- Indien die kandidaat die opsomming in paragraafvorm aanbied, word die eerste 7 sinne van die paragraaf nagesien.

**LET DAAROP DAT DIE OPSOMMING MEER AS EEN MOONTLIKHEID BINNE ŉ PARAGRAAF BEVAT. DIE NASIENER MOET DUS NOUKEURIG LEES!**

**KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE VIR NIE DIREKTE AANHALINGS:**
**Die hoofgedagte moet in ŉ volsin aangebied word.**

**Punte**
1–3 feite korrek – 1 punt
4–5 feite korrek – 2 punte
6–7 feite korrek – 3 punte

**KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE VIR DIREKTE AANHALINGS:**
**Die hoofgedagte moet in ŉ volsin aangebied word.**

**Punte**
6-7 aanhalings – geen punte vir taal
1-5 aanhalings – 1 punt vir taal

**LET WEL Woordtelling:** Nasieners tel die getal woorde indien dit te lank lyk.
**Geen punte word afgetrek indien die kandidaat nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui nie.**

Indien die opsomming minder as die voorgeskrewe woorde bevat (minder as 70), maar dit bevat al die hoofgedagtes, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

**Indien die maksimum woorde oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die maksimum woorde nasien en die res van die opsomming ignoreer.**

**OPDRAG: Noem SEWE beginsels vir ’n suksesvolle onderneming**.

Die onderstreepte sinne kan moontlik direk aangehaal word**.**

| BEGINSELS VIR ’n SUKSESVOLLE ONDERNEMING | |
|---|---|
| In die begin, selfs nog voor jy met jou nuwe besigheid begin, moet jy die sakebeginsels baie goed ken. Hier is wat jy moet doen. | |
| | |
| Moenie net inspring en hoop dit werk nie. <u>Kennis is daarom die eerste ding wat jy moet hê as jy met ’n nuwe onderneming wil begin. Lees op en ondersoek alles</u>. Talle suksesvolle ondernemings is met minimale kostes begin. <u>Hou dus die beginkostes so laag as moontlik. Jy moet seker maak dat jou besigheid ’n behoefte in die mark sal voorsien en dat daar ’n konstante vraag na jou produk of diens sal wees.</u> | 1. Jy moet oor ingeligte kennis beskik. / Jy moet alles oplees en ondersoek.<br><br>2. Beginkostes moet so laag as moontlik wees.<br><br>3. Daar moet ’n behoefte in die mark bestaan. / Daar moet ’n konstante vraag na jou produk wees. |
| | |
| Geslaagde private besighede wat nie rompslomp beperk nie, kan hulle nie vinnig <u>by nuwe modes</u> <u>en tegnologieë aanpas</u> nie. <u>Jy moet seker maak dat jy ’n geldplan het en dat jy jou resultate maandeliks kan meet. Maak seker dat jou familie van die heel begin af van jou</u> <u>beplanning en geldplan weet</u>, anders is almal gespanne. | 4. Jy moet by nuwe metodes en tegnologie aanpas. / Jy moet rompslomp beperk.<br><br>5. Jy moet oor ’n geldplan beskik. / Jy moet maandeliks jou resultate kan meet.<br><br>6. Jou familie moet (deel wees) van die beplanning en geldplanne kennis dra. |
| | |
| <u>Daar moet ’n balans tussen werk, speel en jou gesin wees</u>. Ons oorwerk ons almal in die begin om die besigheid te begin. As dit te lank aanhou, is dit ’n gevaarteken dat ’n mens besig is om perspektief te verloor. Moet nooit vergeet dat jou klante byna altyd ’n keuse het om van iemand anders se produkte of dienste gebruik te maak nie. Weet altyd dat jy <u>jou klante uitstekende waarde vir hul geld moet gee</u>. | 7. Jy moet ’n balans tussen werk, speel en gesin handhaaf. / Jy moenie perspektief verloor nie.<br><br>8. Jy moet jou klante waarde vir geld gee. |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

## ASSESSERINGSRIGLYNE

## WOORD- EN SINSTRUKTURE

- **Spelling vir eenwoord-antwoorde moet korrek wees om punte te verdien**.
- Indien een woord gevra word, bv. die korrekte vorm van die woord tussen hakies, mag die kandidaat die hele sin uitskryf soos dit op die vraestel gegee word. Dis slegs by Leesbegrip en Vraestel 2 waar die kandidaat gepenaliseer word indien die korrekte woord nie uitgelig of onderstreep word nie. Waar daar in Vraestel 1 spesifiek gevra word vir *een woord vir*..., geld hierdie toegewing nie.
- **Spelfoute word gepenaliseer waar taalstrukture gevra word**.
    - Wanneer verlede tyd getoets word, **moet ge-** as **EEN WOORD** met die werkwoord geskryf word.
    - Wanneer die infinitief getoets word, moet **te** in verbinding met die infinitief as **TWEE WOORDE** geskryf word.
- Waar afkortings getoets word, moet die punktuasie ook korrek wees om 'n punt te verdien.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.
- LET WEL: Waar advertensie- en strokiesprenttegnieke gevra word, tel taal- en spelfoute nie, tensy dit die betekenis van die sin beïnvloed.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.

| **VRAAG 3: ADVERTENSIE** | | | |
|---|---|---|---|
| 3.1 | Groot letters / hoofletters / uitroepteken / donker swart letters ✓ | (1) | 4 |
| 3.2 | Groenes / mense wat belangstel om te herwin / omgewingsvriendelike mense. ✓<br>Mense wat besoedel / rommel rondgooi. / Mense wat nie omgewingsvriendelik is nie /omgewingsbewus is nie. ✓<br>(enige een of soortgelyk) | (1) | 4 |
| 3.3 | **Kan** slegs skoon houers herwin word**?** ✓<br>(beide moet korrek wees om die punt te verdien.) | (1) | 2 |
| 3.4 | hart / blaar ✓ | (1) | 3 |
| 3.5 | elektro**niese** ✓ | (1) | 1 |
| 3.6 | Skoon items en houers word elke dag (deur ons) herwin. ✓ | (1) | 2 |
| 3.7 | tot ✓ | (1) | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3.8 | daagliks ✓ | (1) | 1 |
| | | | |
| 3.9 | Om aandag te trek / om te beklemtoon wat jy kan en nie kan herwin nie. ✓<br>(enige een of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 3.10 | pamflet**te** ✓ | (1) | 1 |
| | | **[10]** | |
| | | | |
| **VRAAG 4: STROKIE** | | | |
| | | | |
| 4.1 | Sy sê vir hom dat hy dit moet soek. ✓<br>(of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 4.2 | Sy wil hê haar woorde moet hom laat dink / insink. / Dat dit haar laaste woord is. / Sy wag vir ŉ reaksie van hom. / Sy gaan nie weer daaroor praat nie. ✓<br>(enige een of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 4.3 | Hulle is nie bereid om iets fisies te doen / soek nie. / Hulle is heeldag met hulle rekenaars / op hulle selfone besig. / Hulle soek vir ŉ maklike uitweg. ✓<br>(enige een of soortgelyk) | (1) | 3 |
| | | | |
| 4.4 | daarna ✓ | (1) | 1 |
| | | | |
| 4.5 | Dit beklemtoon die feit dat die boeke weg / verloor / skoonveld is. ✓ | (1) | 3 |
| | | | |
| 4.6 | Sug | (1) | 3 |
| | | | |
| 4.7 | 4.7.1 Figuurlik | (1) | 3 |
| | 4.7.2 Die boeke is weg / verlore / soek geraak / voete gekry.<br>(enige een of soortgelyk. Die antwoord: ***dit word nie letterlik bedoel nie*** word NIE AANVAAR NIE.) | (1) | 4 |
| | | | |
| 4.8 | Haar gesigsuitdrukking / haar hande / vinger wys na hom / haar mond is oop / daar is ŉ lyn langs haar mond af / sy kyk stip na hom. ✓ | (1) | 3 |
| | | | |
| 4.9 | Hy het ŉ tas / ruksak (op sy rug). ✓ | (1) | 3 |
| | | **[10]** | |

| VRAAG 5: PROSA | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |
| 5.1 | Vir niemand was dit vreemd dat Willem skielik snaaks begin raak **het** nie. | (1) | 1 |
| | | | |
| 5.2 | slordig**ste** ✓ | (1) | 2 |
| | | | |
| 5.3 | Bloedrooi / tamatierooi / skarlakenrooi ✓ | (1) | 1 |
| | | | |
| 5.4 | Willem **het** dikwels deurmekaar **ge**raak. ✓ | (1) | 1 |
| | | | |
| 5.5 | Hulle het **nie** hulle seun se agteruitgang raakgesien **nie.** ✓ | (1) | 2 |
| | | | |
| 5.6 | dwelmverslaaf**des** ✓ | (1) | 1 |
| | | | |
| 5.7 | dood / weg ✓ | (1) | 1 |
| | | | |
| 5.8 | hard**e** ✓ | (1) | 1 |
| | | | |
| 5.9 | Die man het aan ŉ ongeneeslike siekte **gely**. ✓ | (1) | 1 |
| | | | |
| 5.10 | Sy maats vertel: **“**Alles **het** met ŉ bietjie dagga begin**.”**<br>(alles korrek vir 1 punt) | (1) | 2 |
| | | | |
| 5.11 | lewe**nsl**es ✓ | (1) | 1 |
| | | | |
| 5.12 | Willem se storie is nóg uniek nóg gelukkig. ✓ | (1) | 2 |
| | | | |
| 5.13 | Die samelewing **behoort** dwelmmisbruik **te** veroordeel. ✓ | (1) | 2 |
| | | | |
| 5.14 | Te veel mense **kyk vandag anderpad** na die probleem. ✓ | (1) | 2 |
| | | | |
| 5.15 | Help (my) / Keer / Gou / Oeps / O genade / Jittetjie tog / Gonnatjie✓ | (1) | 1 |
| | | | |
| 5.16 | visgrate ✓ | (1) | 1 |
| | | | |
| 5.17 | kat**jie** ✓ | (1) | 1 |
| | | | |
| 5.18 | **Vandag maak** pa lekker kos. ✓ | (1) | 2 |
| | | | |
| 5.19 | melk – be – ker ✓ | (1) | 1 |
| | | | |
| 5.20 | **ge**bran**de** ✓ | (1) | 1 |
| | | **[20]** | |
| | | | |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **40** | |
| | **GROOTTOTAAL:** | **80** | |

Kopiereg voorbehou